

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
20 Mei 1979

Onderwerp: Ek leef nie meer nie

Lees: Galásiërs 2 verse 15 tot 21
Teks: Galásiërs 2 vers 20
Sing: Gesang 135 vers 1
Gesang 194 vers 3
Gesang 275 vers 5

“Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het.’

“As ons hierdie woorde in oënskou neem, kan ons nie anders as om dit met ’n gevoel van onmag en skaamte te doen nie. Dit is asof ’n verwyttende oog ons uit hierdie woorde aankyk. Hoe jy ookal na hierdie geheimenisvolle waarheid kyk, is ons besig om dit te skend en te vermink.

“Maar nog erger, die Christendom van ons tyd beantwoord skaars aan hierdie verborge gemeenskap met Jesus Christus! Nee, laat ons maar erken. Die afstand tussen ons en Jesus Christus is groter en ons verhouding met Hom meer oppervlakkig. Ons godsdienst is dikwels slegs ’n gepraat oor Jesus Christus, in plaas van die ideaal wat ons hier vind, naamlik ’n meelewing in Jesus Christus en ’n lewe van Jesus Christus in ons.

“Wie kan uit eie ervaring getuig: ‘ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my’? Wie durf sê, sonder vrees dat dié wat hom ken hom kan teëspreek: Wie my gesien het, het Jesus Christus gesien?

“Broers en Susters, daar is sonder twyfel steeds ware Christene hier. Daar is steeds lewende Christene. Die Kerk is nie dood nie. Maar die bewussyn van hierdie lewe is skaars en die openbaring van hierdie lewe is nóg skaarser. Ons moet erken, die lamp staan onder die staander; die sout het lóf geword en die saad is traag om te ontkiem. Net so hier en daar verskyn ’n bietjie groenigheid. En juis daarom vertoef ons vanoggend by hierdie saak.

“En ons mag nie bang wees vir die vonnis nie, maar vra dat hierdie skerp Woord ’n oordeel sal wees van die gedagtes en die oorlegginge van die hart. Die waarheid

slaan soms hard, maar dit vernietig nie. Dit maak vry van selfgenoegsaamheid, valse sekerheid en blote formaliteit.

“In kontras met die hedendaagse oppervlakkige Christenskap, was Paulus se hoofgedagte wat hy in ons teksgedeelte met ’n teenstelling gekommunikeer het: ‘ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my.’

“Om dit te verstaan, gaan ons vanmôre eers kyk na die heerskappy van die eie EK buite Christus; daarna na die onttroning van hierdie eie EK; en laastens oor die besieling van die ‘ek’ deur Jesus Christus.

“Paulus was voor sy bekering ’n uitnemende voorbeeld van die eie EK buite Jesus Christus. En hierdie lewe van die eie EK is die toestand van ’n onbekeerde lewe. Dit is ’n toestand van selfhandhawing van die mens teenoor die Soewereine God.

“Die eie EK van die mens is ’n geheimsinnige ding. Dit laat hom nie maklik ondersoek nie. Ons gee aan dit ander name. Ons noem dit persoonlikheid en dan bedoel ons daarmee nie soseer die eienskappe en karakertreke wat ’n mens het nie, maar die geheimsinnige selfstandigheid wat daaragter sit. Daarby is dit die grootste skeppingswonder dat die mens nie net iets is nie, maar iemand - ook voor God.

“Ons weet dat daar verskeie soorte mense is. Daar is mense met weinig persoonlikheid en mense met baie. Daar is napersers en meelopers en mense sonder ruggraat. Maar daar is ook mense met eie oortuigings, onafhanklike karakters, kragtige persoonlikhede wat presies weet wat hulle wil en hulle voornemens ook uitvoer.

“Paulus het tot hierdie laaste groep behoort. Hy was iemand. Hy was ’n man. Hy het geweet wat hy wou en het by sy besluite gestaan. Ook voor sy bekering kon hy sê, alhoewel hy dit later met ’n ander bedoeling gesê het: ‘maar ek jaag daarna of ek dit ook kan gryp’. (Fil 3:12) Hy het behoort tot die soort sondaars vir wie ’n mens tot ’n groot mate respek het, omdat hulle geen doekies omdraai nie.

“Paulus se lewensopvatting was die van ’n Fariseër. Hy was onberispelik in lewenswandel. Hy het nie egoïsties, genotsugtig en materialisties geleef nie. Nee, hy het gejaag na een hoë ideal: Die glorie van sy volk, sy kerk en sy God. Maar daarin het hy homself heimlik gedien en nie vir God nie.

“Paulus kon voor sy bekering sê: EK leef, want hierdie man het werklik geleef met alles in hom. Hy kon

hartstogtelik liefhê: sy tempel en sy wet. Maar hy kon ook gloeiend haat. Hy het Jesus Christus en Christene gehaat. Hy was 'n fanatikus soos niemand anders nie. En hy kon hom vreeslik vererg. Die kruis van Jesus was vir hom die grootste ergernis. Hy het nie in die lewe neutraal gestaan nie. Nee, hy het hom aan die voorpunt gedwing en gestel. Hy het die vaandel gedra en mense aangevoer.

“Paulus kon sê: EK leef. En as hy dit gesê het, het hy dit bedoel. Sy lewe het gestaan in die diens van sy ideaal, sy God. Maar die man het homself nie geken nie; en ook nie sy God nie. Sy eie EK het geheers teenoor sy God. Hy het gedink dat hy God só gedien het, dat God dankbaar moes wees vir só 'n dienskneg. Hy het hom gestel teenoor die genade van Jesus Christus.

“Maar toe het daar iets in hierdie man se lewe gebeur wat later 'n radikale verandering sou bring. Hy was ooggetuie van die marteldood van die eerste diaken in die Kerk van Jesus Christus. Toe Stefanus gesterf het ter wille van die leer van Jesus Christus wat hy verkondig het.

“Paulus was nie daar 'n onbetrokke ooggetuie nie. Hy het iets van Jesus in Stefanus se lewe gesien. En as Stefanus reg was, dan was dit gedaan met sy pragtige lewe. Paulus het daar teenoor Jesus gestaan met sy eie EK. Dit was 'n tweegeveg. En Paulus het geweet, waar Jesus Christus was, was daar vir hom geen plek nie. En waar hy was, was daar vir Jesus Christus geen plek nie.

“Daar is tot die dood geveg en snaakste van alles, Paulus het gewen. Terwyl Stefanus gesterf het, het Paulus in sy siel gejuig. My eie EK het gewen!

“Broers en Susters, só gaan dit in 'n sondaarsiel wat weier om hom te bekeer. Onbekeertheid is 'n botsing teen die Evangelie. Dit is 'n selfhandhawing van die eie EK teenoor Jesus Christus. Om onbekeer te wees, is eintlik om te sê: My eie EK leef!

“Broers en Susters, in hoeverre leef ons eie EK? Hier staan ons voor die Woord van God. Ons word aangekla en ons weier om onself oor te gee en in diens van God te stel. En as ons vermaan word tot nuwe gehoorsaamheid, dan sê ons: Nee, my eie EK is in beheer. En as die eis om ons kruis op te neem, kom, dan sê ons: Nee, EK leef en EK wil lewe!

“Maar toe het daar 'n ommekeer in Paulus se lewe gekom. Toe het hy gesê: ‘ék leef nie meer nie’. Sy eie EK was onttroon. Daar was 'n revolusie van binne. Sy sondaarsiel is deur die Gees van God aangegryp. En as

dit plaasvind, dan gebeur daar iets radikaals. By Paulus was hierdie ommekeer die gevolg van 'n geweldige gebeurtenis in sy lewe. Damaskus! Daar waar Jesus met hom gepraat het, het Paulus gewyk. Hy het opgegee. Hy het gesterf. Daar het hy hom oorgegee. Daar het hy die vonnis oor homself voltrek. Daar het hy saam met Jesus aan die kruis gehang: 'Ek is met Christus gekruisig, en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het.' (Gal 2:20)

"En daaruit het die praktiese gevolgtrekking van sy lewe gekom: 'Here, wat wil U hê moet ek doen?' (Hand 9:6) Dit was nie meer die eie EK nie! Wat 'n ommekeer het nie in hierdie man plaasgevind nie. Dit was ware bekering!

"Bekering hoef nie so dramaties by elke mens plaas te vind soos by Paulus nie, maar dit moet dieselfde inhoud hê: nie meer EK nie, maar Jesus Christus. Die eie EK is onttroon! Nou kan Jesus Christus die troon bestyg. Wat 'n skitterende werklikheid! Soos Paulus moet jy Jesus persoonlik ontmoet.

"Ons kan Paulus se woorde so verklaar: Jesus Christus het vir my, in my, Christus geword. Jesus Christus is in my teenwoordig; in sy stralende heerlijkheid; in sy lewende werklikheid. Jesus Christus leef in my. Nou ken ek Christus Jesus en die krag van sy opstanding.

"Ken ons Hom?

"Wat beteken dit om te sê: Jesus Christus leef in my? Dit beteken dat ek Jesus se gedagtes in my lewe opneem: sy gedagtes oor sy Hemelse Vader, oor mense, oor die wêreld en oor diens. Dit beteken ook die aanvaarding van Jesus Christus met sy liefde. Daarom kon Paulus sê: 'Want die liefde van Christus dring ons'. (2 Kor 5:14) Lees maar wat Paulus geskryf het in Romeine 8 en 1 Korinthiërs 13. Alles skitter in sy lewe in Christus Jesus.

"Is ons Godsdien ook só persoonlik?

"Wat leef vanmôre in jou? Wat heers in jou hart? Waarin vind jy jou vreugde? En wat verag jy die meeste?

"Gun die grote Jesus Christus die koningskap in jou hart.

"Laat Hom regeer.

"Laat Hom toe om jou te besiel.

"Amen."